Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# LEWENDE HOOP

## Deel 5 – Leef en Liefhê

**1 Petrus 1:3-4** Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

## Jesus se Maatstawwe

**Matteus 7:16(NLV)** Julle sal hulle aan hulle optrede uitken, net soos 'n mens 'n boom aan sy vrugte kan uitken...

**Matteus 7:16(DB)** Dit is maklik om hierdie mense uit te ken. Kyk maar net hoe hulle leef…

**Johannes 13:34-35** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. [35] As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

## Leef en Liefhê

**1 Petrus 4:1-5** Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: [2] vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. [3] In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgodery. [4] Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle. [5] Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel.

**1 Petrus 4:7** Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.

### 1. Liefhê

**1 Petrus 4:8** Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.

**1 Petrus 1:22(NLV)** Julle is van julle sondes gereinig toe julle die waarheid van die Goeie Nuus aanvaar het. Julle kan mekaar dus as medegelowiges regtig liefhê. Daarom moet julle sorg dat julle mekaar van harte liefhet, al vra dit inspanning.

### 2. Gasvry

**1 Petrus 4:9** Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.

**Hebreërs 13:2** Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.

### 3. Diensbaar

**1 Petrus 4:10** As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

**Matteus 23:11** Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.

**Galasiërs 5:13** …dien mekaar in liefde**.**

## Verheerlik God in Alles

**1 Petrus 4:11** ...So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.

***Vrae om te vrae:***

- ***Wat moet ek nie doen, om te wys ek het gebreek met sonde?***
- ***Wat moet ek doen, om lief te hê, gasvry te wees en ander te dien?***
- ***Hoe kan ek leef? Hoe kan ek liefhê?***

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*